

Maart 2018



## EUROPESE KERSFEESTOER 12 – 27 DESEMBER 2018 TOERPROGRAM

### DESEMBER

#### Wo 12 JOHANNESBURG – FRANKFURT/AMSTERDAM

Ons ontmoet om **16:40** op die **O.R. Tambo-lughawe** in **Johannesburg**, van waar ons om **19:40** met **LH 573** (Lufthansa) na **Frankfurt** vertrek. Kapenaars ontmoet on **15:15** op **Kaapstad Internasionale Lughawe** vir vlug **EK 771** (Emirates) wat om **18:15** na **Dubai** vertrek.

#### Do 13 AMSTERDAM

**Johannesburgers** land om **05:25** in **Frankfurt** en vertrek om **07:05** met vlug **LH 986** na **Amsterdam** waar hulle om **08:15** arriveer. **Kapenaars** land om **05:45** in **Dubai** en vertrek om **08:10** na **Amsterdam** waar hulle om **12:40** land. Gebaseer op internasionale passasiersverkeer, is Schiphol in Amsterdam die wêreld se besigste lughawe. Nadat die twee groepe bymekaar aangesluit het, vertrek ons na **Rotterdam**, waar ons op die MS Rigoletto inskeep. Die boot, of "skip", soos die Nederlanders dit noem, se eie Sinterklaas verwelkom ons!

Rotterdam is Nederland se naasgrootste stad en die wêreld se grootste hawe. Drie van Nederland se grootste riviere, naamlik die Ryn, die Maas en die Schelde mond hier uit. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is groot verwoesting in die stad gesaai en argitektonies is baie skade aangerig. Die stad lê benede seevlak, maar word soos omliggende dele teen die see se vloede beskerm deur die beroemde Deltawerke – 'n stelsel wat die vloede van die see se kant af beheer deur middel van 'n damwal met sluise wat oop- en toegemaak kan word.

Ons het ná aankoms en later vanaand geleentheid om hierdie stad te verken.

Aandete aan boord van ons tuiste vir die volgende vier nagte, is om **20:00**.

#### Vr 14 ROTTERDAM – NIJMEGEN

Die boot vertrek vroegoggend om **05:00** na **Nijmegen**, waar dit om **16:00** vasmeer. Nijmegen is Nederland se oudste stad en dateer uit die Romeinse tydperk voor Christus. Die boot, waarop reeds 'n heerlike gemoedelike atmosfeer heers, meer net lank genoeg vas om nog gaste op te laai.

Om **18:00** moet almal terug wees op die Rigoletto en vaar ons voort na Keulen.

#### Sa 15 KEULEN

Teen **12:00** is die majestueuse Dom-kerk van **Keulen** in sig en kórt daarna meer die boot vas naby die Dom – 'n Unesco-wêrelderfenisgebied met 'n verstommende geskiedenis. Hierdie manjifieke gebou, waaraan byna 700 jaar gebou is, is 'n móét om te besoek. Die Dom dien ook as fokuspunt indien iemand dalk verdwaal of verkies om alleen die stad te verken. Oorkant die Dom is die Inligtingskantoor ('Verkehrsburo'), waar u brosjures asook 'n stadskaart van **Keulen** kan kry. Die groot winkelstraat links van die Dom, soos 'n mens met jou rug na die Dom se hoofingang staan, is Hohestrasse – 'n voetgangerslaan met talle interessante winkels. Half weggesteek links agter die Dom is die beroemde 'Römisch-Germanische'-museum vir diegene wat in die ou geskiedenis belangstel. Die boot meer gewoonlik loopafstand van die sjokolademuseum vas.

Keulen lê aan weerskante van die Ryn. Agt brûe, waarvan twee spoorwegbrûe is, plus 'n kabelbaan verbind die twee oewers. Dié ou domstad, waarvan 70% in die Tweede Wêreldoorlog verwoes is, is herbou en tans een van die belangrikste handelstede en die vierde grootste stad in Duitsland.

Ná middagete op die boot, stap ons na die middestad, waar ons tussen die talle Kersmarkte na hartelus kan dwaal, peusel, koop of sommer net deel word van die Duitse Kerskultuur. Teen vieruur die middag raak dit donker en 'n besoek aan die stad met sy towerliggies is 'n móét. Gewapen met jasse, serpe, musse en handskoene durf ons dié sprokieswêreld aan en drink ons 'glühwein' om die koue te verdring!

**So 16 KEULEN – BONN**

Vanoggend om **06:00** vertrek ons uit Keulen na **Bonn**. Die geur van varsgemaalde koffie lok ons na die eetkamer waar die kok 'n heerlike ontbyt voorberei het. Die boot meer om **10:00** by Bonn vas.

Bonn was sedert 1949 die setel van die Duitse regering, totdat die hoofstad terugverskuif is na Berlyn. Bonn spog met talle interessante museums, waaronder Beethoven se geboortehuis. Voor die poskantoor is 'n standbeeld van Beethoven, wat in 1845, met sy 75ste verjaarsdag onthul is. Die beroemde "Beethoven Fest" vind elke jaar gedurende September in Bonn plaas.

Gedurende die Kersseisoen word Bonn in 'n lushof omskep. 'n Verskeidenheid Kersmarkte op byvoorbeeld die Münsterplatz en Friedensplatz asook in die aangrensende voetgangerslaan, skep 'n unieke atmosfeer waarbinne 'n mens nie anders kan as om jou te verlustig en 'verloor' nie! Die historiese ou stadsaal word elke jaar in 'n reuse Advendskalender omtower.

Ons boot vertrek om **19:00** terug na Nederland en ons kyk vanuit die eetsalon hoe 'n stukkie van ons harte in hierdie ou Duitse stad aan die Ryn agterbly.

**Ma 17 NIJMEGEN – BERNKASTEL-KUES**

Die boot meer om **07:00** in **Nijmegen** vas om passasiers af te laai. Ons groep ontskep hier en reis per bus verder na die idilliese Middeleeuse dorpie **Bernkastel-Kues**. Bernkastel lê in die Moeselvallei teen die Moeselrivier. Hierdie dorpie spog met een van die populêrste Kersfeesmarkte in Duitsland, wat onder andere die grootste adventkalender in die Moeseldistrik insluit. Elke aand word een venster van die Adler-apteek – 'n historiese vakwerkgebou – oopgemaak met 'n Kersoptrede van een of ander aard, bv 'n Kersgesang, -gedig of voorlesing. Ons oornag en geniet aandete in ons hotel-restaurant, Doktor Weinstube.

**Di 18 BERNKASTEL-KUES – RIQUEWIHR**

Ná 'n gesellige ontbyt, pak ons ons reis na die Franse platteland aan. Ons reis via Saarbrücken in Duitsland en Strasbourg in Frankryk tot in **Riquewih**.

Riquewih word deur die organisasie *Les Plus Beaux Villages de France* as een van die mooiste dorpieë in Frankryk gelys. Talle besoekers beskryf 'n besoek aan Riquewih as 'n sprokieservaring en getuig dat dit voel of 'n mens terugstap in tyd wanneer jy hierdie bekoorlike dorpie betree. Nie net lyk dit min of meer nog presies soos in die 16e eeu nie, dit is komplete asof die tyd self ook gaan stilstaan het in hierdie dorpie waar slegs 1 200 mense vandag woon. Behalwe vir Riquewih se historiese argitektuur, is dit ook gesog vir die Riesling- en ander goeie wyne wat in die streek geproduseer word. Riquewih is bekend vir die kersliggies en kersmark wat reeds einde November begin. Ons geniet aandete in 'n plaaslike restaurant en oornag in hierdie idilliese feëverhaal-dorpie.

**Wo 19 RIQUEWIHR – TITISEE-NEUSTADT**

Ná ontbyt vertrek ons per bus via Colmar en Freiburg op 'n opwindende veldagtoer deur die **Swartwoud** met indrukwekkende valleie, dale, digbeboste berge, interessante dorpieë en tipiese plaashuise. Die Swartwoud se naam is te danke aan die kontras van wit sneeu op die donker dennebome en bied 'n onvergeetlike gesig. Ons ry langs 'n besonder mooi roete oor **Triberg**, waar die hoogste waterval in Duitsland (163 m) bruisend oor sewe rotsbloktrappe na benede stort. Hier kry 'n mens koekoek-horlosies te kies en te keur!

Ons reis voort deur die dorpie Furtwangen in die omgewing waar die Donau sy oorsprong het tot in die skilderagtige stadje **Titisee-Neustadt**, wat aan die lieflike Titiseemeer geleë is. Ons gaan vir die volgende twee nagte hier, in die hartjie van die Swartwoud, tuis.

**Do 20 TITISEE-NEUSTADT**

Ons het vandag die hele dag vry in Titisee-Neustadt om hierdie dorpie in die hart van die Swartwoud se onvergeetlike Kersatmosfeer en Duitse gasvryheid te beleef! Met talle luukse hotelle, baie winkels en die skilderagtige omgewing naby Feldberg, is die Swartwoud 'n gesogte vakansie- en ski-oord. Dit is ook die geboorteplek van ski-sport in Duitsland en natuurlik dié plek waar 'n mens aan 'n stuk swartwoudkoek oftewel "Schwarzwälder Kirschtorte" kan weglê.

**Vr 21 TITISEE-NEUSTADT – BEATENBERG**

Vanoggend vertrek ons na Beatenberg – die prentjiemooi bergdorpie teen die berghang bokant Interlaken. Ons luister na Duitse en ander Kersmusiek en -verhale terwyl ons die ongeveer 250 km aflê. Ons reis oa oor Bern en wanneer ons die Thunmeer sien, weet ons ons het ons idilliese tuiste vir die volgende vyf dae bereik: Die luukse Blüemlisalp hotel in Beatenberg, bo in die Alpe. Dis in die hartjie van die Bernese Hoogland, slegs 10 km van Interlaken af, geleë.

**BEATENBERG**

**Vr 21  
tot  
Wo 26**

Wanneer 'n mens by jou hotelkamer teen die berghang bokant Interlaken uitkyk, sien jy die pragtige Thunmeer en verder weg die Alpe-reuse Eiger, Mönch en Jungfrau onder 'n sneeukomers. 'n Mens kan selfs net vir die volle duur van jou verblyf in Beatenberg die luukse van die hotel en asemrowende omgewing geniet. Onderneem jy dan boonop die twee uitstappies wat by die toerprys ingesluit is en/of ander opsionele daguitstappies, word dit die ervaring van 'n leeftyd! Ons beplan 'n spesiale ete vir Oukersaand en spandeer Kersdag saam as 'n nuwe groep vriende in die Switserse Alpe – waar ons in dié asemrowende omgewing 'n wit Kersfees vier!

**Wo 26 BEATENBERG – ZÜRICH – FRANKFURT/DUBAI**

Ná 'n heerlike ontbyt, groet ons die personeel van Blüemlisalp, wat nou reeds amper soos familie voel en vertrek ons per bus na **Zürich**. **Vlug EK 88** vertrek om **14:35** na **Dubai**, waar die Kapenaars om **23:45** arriveer en om **04:00** môreoggend na Kaapstad vertrek. Die Johannesburgers vertrek om **19:00** met **vlug LX 1076** en land om **20:10** in Frankfurt. **Vlug LH 572** vertrek om **22:00** na Johannesburg .

**Do 27 JOHANNESBURG**

Die groep na **Johannesburg** land om **09:30** en die groep na **Kaapstad** om **11:45** met onvergeetlike indrukke van en herinneringe aan 'n Europese Kersfees en met hartsprentjies wat ons vir altyd sal bybly.